Hoërskool Outeniqua

Geagte ouer, matrikulant en onderwyser

Roosterveranderinge vir die tydperk 8 Junie tot 3 Julie

1. Die nuutste aankondiging van die Minister van Basiese Onderwys en die publikasie van die nuwe kalender vir die res van die jaar in die Gazette, dwing ons om die huidige rooster vroeër aan te pas tot voordeel van ons leerders en personeel.
2. **Leerders, ouers en onderwysers moet van die volgende sake kennis neem:**
    a. Die skool sal vir alle graad 12-leerders vanaf Maandag, 8 Junie, om 08:30 begin en om 13:30 sluit, behalwe op dae waarop LO-onderrig geskied.
    b. Op dae waar LO deel van die roosterprogram uitmaak, sluit die skool om 12:00 vir die seksies wat nie LO-onderrig daardie dag ontvang nie en om 14:00 vir die seksies wat wel onderrig ontvang.
    c. Registrasie en sifting begin elke oggend om 08:00 en duur tot 08:30.
    d. Al die leerders wat in **groep 1** in elke vak ingedeel is, meld steeds by die **Kunssentrum** vir skandering, aan.
    e. Al die leerders wat in **groep 2** in elke vak ingedeel is, meld voortaan in die **skoolsaal** vir skandering aan.
    f. Daarna beweeg die leerders - soos hierdie week - direk na hul vaklokale.
    g. Klaswisseling sal tussen 10:45 en 11:15 plaasvind.
    h. Die voordeel van hierdie stelsel is dat beide groepe dieselfde hoeveelheid minute onderrig per dag ontvang en dat Saterdae vir assessering uitgehou kan word.
    i. Die rede waarom ons eerder op ‘n Saterdag toetse / eksamen skryf, as in die namiddae, is omdat leerders na ‘n volle dag se onderrig waarskynlik te moeg sal wees om ‘n 3 uur vraestel te skryf. Gebruikte klasse sal ook nie betyds ontsmet kan word voordat die middagsessie sou begin nie.
3. Die rooster sal ongelukkig weer aangepas moet word wanneer die graad 10’s en 11’s op 6 Julie by die matrieks aansluit.
4. Daar sal nie **meer as 2 grade op ‘n slag** op die skoolterrein toegelaat word nie. Die roostermodel sal die matrieks bevoordeel en die twee ander grade sal op afwisselende dae die skool besoek.
5. Wanneer die skool op 3 Augustus ook vir die grade 8’s en 9’s open, sal die rooster weer aangepas word. Alle grade sal dan slegs 2 dae per week skool bywoon.
6. Selfstandige aanlynstudie word baie sterk aanbeveel en alle leerders moet dus teen daardie tyd vertroud wees met ons aanlyndiens wat geleidelik uitgebrei en gestandaardiseer sal word.
7. **Kalender vir die res van die jaar is:**
    a. Tweede kwartaal: 1 Junie tot 24 Julie
    b. Derde kwartaal: 3 Augustus tot 23 September
    c. Vierde kwartaal: 28 September tot 15 Desember
8. Die **rekordeksamen vir matrieks** sal waarskynlik op Maandag, 24 Augustus 2020 in aanvang neem. Die eksamenrooster sal op 3 Augustus vrygestel word.

9. Die rooster vir assessering op Saterdae sal in die week van 8 tot 12 Junie aan die leerders gestuur word. Saterdag 13 Junie sal daar vir ENGLISH FAL en ENGLISH HL assessering wees.

10. **Getuigskrifte:** Alle leerders moet teen Vrydag 5 Junie aanlyn aansoek vir hulle getuigskrifte doen. Alle opvoeders moet hulle gedeelte teen Vrydag 12 Junie voltooi het. Leerders gebruik die volgende skakel https://www.outeniqua.co.za/leerderaansoek-vir-getuigskrif/.

Elke ouer, leerder en onderwyser moet alles binne hulle vermoë doen om die volgende twee uiters belangrike beginsels na te streef:

1. Die veiligheid van alle persone by die skool en in ons omgewing as ons hoogste prioriteit;
2. Die suksesvolle afhandeling van die kurrikulum vir die matrieks, sodat hulle na die beste van hul vermoë kan presteer in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen.

Kom ons fokus in hierdie tyd op hierdie aspekte.

Baie sterkte. Saam is ons sterker en saam sal ons hierdie uitdaging die hoof bied.

Vriendelike groete

C. P. Vorster
Skoolhoof

C. A. Hattingh
Adjunkhoof

Rooster vir die tydperk 8 Junie tot 3 Julie 2020

1 Junie	Maandag	Afrikaans	Engels
2 Junie	Dinsdag	Wiskunde-baan	FW-baan
3 Junie	Woensdag	LW-baan	Geo-baan
4 Junie	Donderdag	Wiskunde-baan	FW-baan
5 Junie	Vrydag	LW-baan	Geo-baan
8 Junie	Maandag	Afrikaans	Engels
9 Junie	Dinsdag	Wiskunde-baan	FW-baan
10 Junie	Woensdag	LW-baan	Geo-baan
11 Junie	Donderdag	Afrikaans	Engels
12 Junie	Vrydag	Wiskunde-baan	FW-baan
15 Junie	Maandag	LW-baan	Geo-baan
16 Junie	Dinsdag	VAKANSIEDAG	
17 Junie	Woensdag	Afrikaans	Engels
18 Junie	Donderdag	Wiskunde-baan	FW-baan
19 Junie	Vrydag	LW-baan	Geo-baan
22 Junie	Maandag	Afrikaans	Engels
23 Junie	Dinsdag	Wiskunde-baan	FW-baan
24 Junie	Woensdag	LW-baan	Geo-baan
25 Junie	Donderdag	Afrikaans	Engels
26 Junie	Vrydag	Wiskunde-baan	FW-baan
29 Junie	Maandag	LW-baan	Geo-baan
30 Junie	Dinsdag	Afrikaans	Engels
1 Julie	Woensdag	Wiskunde-baan	FW-baan
2 Julie	Donderdag	LW-baan	Geo-baan
3 Julie	Vrydag	Afrikaans	Engels

Die DAGPROGRAM sal dus so lyk, behalwe op dae waarop LO onderrig sal word.

08:00 – 08:30	Registrasie	30	120 minute onderrigtyd
08:30 – 09:30	Periode 1	60	
09:30 – 09:45	Pouse A	15	
09:45 – 10:45	Periode 2	60	
10:45 – 11:15	Pouse B / Klaswisseling	30	120 minute onderrigtyd
11:15 – 12:15	Periode 1	60	
12:15 – 12:30	Pouse C	15	
12:30 – 13:30	Periode 2	60	
		330 minute	

Chris hierdie gaan ons later uitstuur

ASSESSERING OP SATERDAE

6 Junie	Geen	
13 Junie	Engels FAL	English Home Languages
20 Junie	Wiskunde (Maart-eksamen)	Wiskundige Geletterdheid (Maart-eksamen)
27 Junie	Afrikaans Huistaal	
4 Julie	Rekeningkunde (Maart-eksamen)	
11 Julie		
18 Julie	Wiskunde	Wiskundige Geletterdheid
8 Augustus		
15 Augustus	Rekeningkunde	